

Op 'n sonnige, windstil Sondag in Tafelbaai is dit moeilik om te glo dat ons eintlik in 'n oorlog gewikkel is, skryf **Nadia Krige**.

In die spieëlgladde water om ons seiljag is daar uiteraard geen teken van die vyand nie. Hier dryf 'n pikkewyn onbesorg en daar dryf 'n rob ewe tevrede met die lewe.

Vir 'n oomblik is dit maklik om te glo dat niks skort nie.

Maar al dobber ons nou salig hier rond en aanskou die joligheid op Clifton se vierde strand van agter die branders, weet ons tog dat ons oseane stadig besig is om te sterf. En die oorsaak? Plastiekbesoedeling.

Net nou die dag het 'n walvis weer uitgespoel op 'n strand aan die Murciaanse kus in Spanje. Volgens *Forbes* het 'n plaaslike natuurlewe-reddingsentrum bepaal dat die potvis se dood veroorsaak is deur trauma van die maag en ingewande nadat hy meer as 29 kg plastiese rommel ingeneem het.

In 'n lykskouing is plastieksakke, nette, toue en selfs 'n plastiese petrolkan in sy buik gevind.

Bewusmakingsveldtog

Keith Wetmore het begin met 'n bewusmakingsveldtog rondom die kwessie van enkelgebruik-plastiek en gevolge wat dit vir die natuur, veral die oseane, inhou. Hy gebruik sy seiljag, *Boaz*, in dié veldtog.

“Die plan was van die begin af om *Boaz* vir die een of ander doel buiten plesier te gebruik. Spesifiek iets wat op die omgewing gefokus is,” verduidelik Wetmore.

Die doel het uiteindelik gedurende 'n besoek aan Madagaskar in 2014 vir hom duidelik geraak.

Wetmore en sy vrou was op 'n veerboot aan die noordoostelike kuslyn van die eiland saam met sowat 120 plaaslike mense. Ná 'n vaart van 36 uur is heelwat rommel opgegaan.

“Ek was so verlig toe ek 'n jong man gewaar wat alles pligsgetrou in vullissakke versamel. My verligting het egter vinnig tot woede oorgegaan toe hy alles net so in die water gooi soos ons ons eindbestemming bereik,” sê

Oseane verdrink in plastiek



Sondae kan jy gratis op 'n seiljagvaart in Tafelbaai gaan, maar moenie dink dis vir ontspanning nie. Jy moet op die een of ander manier 'n bydrae lewer om mense van die plastiekbesoedeling in die oseane bewus te maak.

Foto's: NADIA KRIGE



Keith Wetmore, wat die *Boaz*-bewusmakingsveldtog teen die gebruik van plastiek begin het, kyk na 'n tuisgemaakte treilnet wat vir 'n steekproef oor plastiekbesoedeling in die see gebruik word.

Wetmore.

Boaz se missie het in Julie 2017 amptelik met die ondertekening van 'n vennootskap met die Sustainable Seas Trust en Mission Blue begin.

Oseaan-ambassadeurs

Die uiteindelige doel is om die seiljag beskikbaar te stel aan ses jong vrywilligers (tussen 18 en 25 jaar) wat as “oseaan-ambassadeurs” bekend sal staan.

“Die plan is om drie oorsese vrywilligers aan boord te kry wat \$1 200 elk vir hul verblyf en kos betaal.

“Dan wil ons graag ook drie plaaslike jongmense hê wat hopelik deur maatskappye geborg kan word,” sê Wetmore.

Die ses vrywilligers en die bemanning sal dan 'n vaart van drie weke vanaf Tafelbaai tot Gansbaai aflê, met oornagstoppe in Houtbaai, Simonstad en Gordonsbaai. Gedurende die vaart sal hulle mense deur plasings op sosiale media en persoonlike gesprekke aanmoedig om die enkelgebruik van plastiek te verminder.

Die doel is dan om uiteindelik verder te seil, eers tot in Durban en later selfs Madagaskar toe.

Sondag-seilvaart

Intussen is Wetmore en Andrew van Zyl, sy regterhand-bemanningslid en hoof van sosiale media, reeds besig om hul deel met die instelling van Sunday Sails te doen.

Hulle seil elke Sondag in Tafelbaai en, as die weer saamspeel, gooi hulle anker op Clifton se vierde strand.

“Enigiemand is welkom om saam te kom. Daar is geen koste nie. Al wat ons wil hê, is dat jy ons op die een of ander manier sal help om mense bewus te maak van die euwel van enkelgebruik-plastiek – deur sosiale media of andersins,” verduidelik Wetmore.

Wat van navorsing?

Natuurlik sal navorsing ook 'n belangrike rol speel in *Boaz* se wedervarings.

Verlede Sondag is 'n belangrike stap in hierdie rigting reeds gedoen toe die *Boaz*-bemanning vir die heel eerste keer die tuisgemaakte “manta”-treilnet oorbord gegooi het om 'n steekproef te neem van hoeveel plastiek in die omgewing ronddryf.

Die raam van die net is van vlekvrystaal en veselglas gemaak en die net uit poliëster. Die ontwerp is dié van 5Gyres – 'n organisasie sonder winsbejag in Kalifornië wat hom ook op die vermindering van plastiekbesoedeling toespits.

Die net is ontwerp om slegs oor die wateroppervlakte te gly

en deeltjies op te vang.

Ná Sondag se “vangs” het Wetmore in 'n blog geskryf: “Op die oppervlak lyk dit meestal soos organiese materiaal, wat 'n klein vissie, spons en seegras insluit. Ons gaan dit onder 'n mikroskoop moet beskou om dit deeglik te ontleed.”

Die data sal dan aan 5Gyres gestuur word om in sy databank te stoor.

Dit was die heel eerste keer dat so 'n treilnet in Kaapstad gebruik is om plastiekbesoedeling te meet en te ontleed.

Meer inligting:

Besoek www.yachtboaz.co.za of skakel 084 437 2803 om jou gratis Sondag-seilvaart te bespreek.

Verbruik

Verminder plastiekverbruik

■ Sê nee vir strooitjies:

'n Studie deur WildAware, 'n Australiese bewaringsgroep, het getoon dat koeldrankstrooitjies ongeveer 40% van strandrommel uitmaak.

■ Kry 'n herbruikbare inkopiesak:

Moenie elke keer vir 'n nuwe plastieksak betaal nie.

■ Verminder, hergebruik, herwin:

As jy iets nie meer gebruik nie, moenie dit sommer in die vullisdrom gooi nie – kyk of jy dit op 'n ander manier kan gebruik of dit eerder na 'n herwinningsprojek kan stuur.

■ Tel vullis op:

Al is jy nie self die morsors nie, kan jy help om vullis op die strand op te tel.

Syfers

3,5 miljoen


Dit is hoeveel ton plastiek in die Stille Oseaan voorkom. Hierdie massiewe vullishoop staan as die “Groot Spul Gemors” bekend. Van die plastiek is mikroskopies klein en vorm 'n laag van tot 30 m diep net onder die water se oppervlak.

60 jaar

Meer as 80% van mariene besoedeling is afkomstig van die aktiwiteite op land. Die meeste daarvan het eers in die afgelope 60 jaar ontstaan.

6,4 miljoen

Soveel ton plastiek word jaarliks in die oseaan gestort.



Spesiale aanbieding!

Bespreek vir 3 nagte
betaal net vir 2
(geldig Ma - Do)
Bespreek vir 2 nagte oor naweek
en kry 15% af!
(geldig Vry - So)

(Geldig 01.05.18 - 31.07.18)

Amathunzi Privaat Natuurreserveaat is slegs twee ure vanaf Kaapstad in die pragtige Robertson vallei, kom ervaar die Karoo veld en stap, draf of ry fiets tussen die Elande, Kameelperde, Zebras en vele meer...

Vir meer inligting & besprekings bel 079 913 6111 of besoek - www.amathunzi.co.za